

Sing vooraf staande: Skrifberyming 12-2:1, 2 (27:1, 2)

- 1 Ek geloof in God die Vader / wat almagtig, wys en trou,
Skepper is van alle dinge / en dit nog in wese hou.
Ek geloof in Jesus Christus, / wat ons in aanbidding eer:
Eengeboorne van die Vader, / in sy hoogheid onse Heer.
- 2 Hy wat deur die Gees ontvang is / – die geheimenis is groot! –
en gebore is uit Maria, / uit die maagdelike skoot.
Wat gely het toe Pilatus / onregsvonnis het gevel –
kruis en doodsmart ondergaan het, / al die angste van die hel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 86:3, 6 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smee.
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Gebed

Psalm 146:2, 3 (p. 700)

- 2 Moet op prinse nie vertrou nie, / by wie niemand heil kan vind –
op die mens jou hoop nie bou nie; / want as God hul gees ontbind,
keer hul na die aarde weer / en hul raadslag stort terneer.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

Skriflesing: Genesis 22:1-14; Hebreërs 11:1-19;

Heidelbergse Kategismus, Sondag 7:21-23

Kernvers: Hebreërs 11:3, 17-19

Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.

Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer

afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: “Uit Isak sal jou nageslag gebore word,” het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het. (Hebreërs 11:3, 17-19 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?

Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar nie (a), maar ook 'n vaste vertrouwe (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Efes 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Efes 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Efes 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.

Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?

Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.

(a) Joh 20:31; Matt 28:19; Mark 1:15.

Vraag 23: Hoe lui die artikels?

Antwoord: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die opstanding van die liggaam (12) en die ewige lewe.

Tema: Die ware geloof waardeur ons gered word

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, toe daar aan ons gevra is of alle mense deur Christus salig word soos wat hulle deur Adam verlore gegaan het, het ons sonder om te twyfel, geantwoord: Nee, al die mense word nie een vir een deur Christus salig nie; alle mense word nie gered nie. Ons twyfel nie oor hierdie duidelike *nee* van ons nie, want God self openbaar dit aan ons in die Bybel. Net **die** mense **wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is en wat al Christus se weldade** as hul eie **aanneem**, is gered.

In hierdie woorde hoor ons dit duidelik: geloof maak die verskil tussen mense. Alle mense is sonder onderskeid sondaars. Maar omdat geloof die verskil tussen mense aanbring, is daar gelowige sondaars en ongelowige sondaars. Nou ontstaan daar onwillekeurig 'n vraag by 'n mens: Is alle mense wat sê dat hulle glo, gelowige sondaars wat deur Christus salig word? Of kom ons stel die vraag nog meer persoonlik. Aangesien net 'n ware geloof 'n mens aan Christus en sy weldade laat deel kry, is dit lewensbelangrik om te weet of ek en jy die ware geloof het.

Om hierdie lewensbelangrike saak te wete te kom, gaan ons aan die hand van ons Kategismus na die Bybel toe terug. Ons wil weet waaruit 'n ware geloof bestaan en wat die inhoud van so 'n ware geloof is.

Ware geloof bestaan uit twee wesenlike sake waarby ons hele menswees betrokke is. Hierdie twee wesenlike sake is kennis en vertroue. **Ware geloof is 'n vasstaande kennis.**

Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.

(Hebreërs 11:3 AFR83)

Op die eerste bladsy van die Bybel lees ons dat God die hemel en die aarde geskep het. Aanvanklik was daar niks nie behalwe ons Drie-enige God alleen – Hy is van ewigheid af God. En God het net gesê: Laat daar lig wees, en daar was lig. Ons weet hierdie dinge, want ons hoor hoe God dit vir ons in sy Woord vertel.

Met hierdie woorde in vers 3 word beklemtoon dat die ware geloof in staat is om God se majestueuse krag in die skepping waar te neem. Dit is immers net deur die geloof dat ons hierdie verstommende stelling kan aanvaar dat **die sigbare dinge ... nie ontstaan (het) uit iets wat ons sien nie** (Hebreërs 11:3 AFR83).

Maar ons weet nie net iets van die skepping nie. Vanuit die openbaring van die Here het ons ook kennis van Noag, Abraham, Israel, die profete, die ballingskap, Jesus Christus se geboorte, lewe en werk, en oor die werk van God die Heilige Gees deur die apostels en die kerk. Ons weet almal daarvan, want ons kan almal die Bybel lees. Trouens, enige mens kan die Bybel lees en kennis oor hierdie sake verkry. 'n Mens lees mos 'n boek om kennis te versamel.

Alle mense wat die Bybel lees en kennis daaruit versamel, wil egter nie daardie kennis as vasstaande kennis aanvaar nie. Die Moslems, byvoorbeeld, weet ook van Jesus Christus en hulle ken ook sy uitsprake dat Hy die Christus is, die Seun van die lewende God. Hierdie kennis versamel hulle uit die Bybel uit, maar hulle betwis die waarheid daarvan. Daarom is hulle kennis oor Jesus Christus nie 'n vasstaande kennis nie.

Vasstaande kennis, aan die ander kant, is kennis wat nie deur enige sweempie van dwaalleer van stryk gebring kan word nie. Deur middel van dié vasstaande kennis aanvaar ons dat alles wat in die Bybel geskryf staan die reïne waarheid is, want die Bybel is God se openbaring aan ons. Ons aanvaar die Bybel as die geopenbaarde waarheid van God **veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat dit die Woord van God is** (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 5). En aangesien die Heilige Gees in ons hart daarvan getuig, maak Hy ook ons oë oop om die bewyse van die herkoms van die Bybel in die Bybel self raak te sien.

Die Here het immers sy Woord aan ons gegee sodat ons Hom as God kan leer ken. Hy openbaar Homself regdeur die Skrif as die waaragtige God in wie daar geen leuen is nie. En soos wat die Here ons God self is, so is sy Woord ook – die volle waarheid. In die Bybel is daar geen leuen geskryf nie.

Ja, broers, susters en kinders, daar is inderdaad gedeeltes in die Bybel wat vir ons moeilik is om te verstaan. Daar is byvoorbeeld die vertellings van die skepping van die wêreld in Genesis wat ons nog nie mooi verstaan nie. Ons verstaan dit nog nie mooi nie, want ons weet nog nie hoe die kennis wat ons uit die wetenskap oor die aarde het presies by die vertellings in Genesis inpas nie. Maar omdat ons nie die twee groepe kennis mooi bymekaar kan uitbring nie, beteken nie dat die Here vir ons 'n storietjie in Genesis opgedis het nie. Ons moet altyd besef dat ons meetinstrumente en begripsvermoëns ver tekort skiet teenoor God se meetinstrumente en begripsvermoë. Miskien sal ons in hierdie lewe nooit weet hoe die kennis uit die wetenskap presies by die vertellings in Genesis

inpas nie. Dit bring egter nie die ware gelowige van stryk nie, want hy weet dat die Here Homself in sy Woord openbaar sodat ons Hóm sal ken as die Skepper van die ganse skepping.

Die Heilige Gees is immers aan ons gegee om ons in die volle waarheid in te lei. Dit is Hy wat ons die Bybel laat verstaan en ken. Hy lei ons net in die waarheid in en bewerk hierdie vasstaande kennis waardeur ons alles wat in die Bybel geopenbaar is, vir waar aanvaar. Daarom kan ons sonder enige twyfel hardop sê: Ons weet **dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie** (Hebreërs 11:3 AFR83). Nou kan die Moslems ook met allerhande verstandelike argumente aangaande Jesus Christus se lewe en werk na ons toe kom. Ons sal nie van stryk gebring kan word nie. Deur die werk van die Heilige Gees weet ons verseker dat Jesus Christus werklik die Seun van God is wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het en weer opgestaan het.

Maar die ware geloof is nie net 'n vasstaande kennis dat alles in die Bybel die waarheid is nie. Ware geloof is nie net 'n saak van ons verstand nie. As ons net met alles wat in die Bybel geskryf staan, saamstem en as die waarheid aanvaar, is ons op gelyke voet met die duiwels. Die duiwels glo dat daar net een God is soos dit in die Bybel geopenbaar word. Hulle aanvaar dit as die volle waarheid, want hulle weet verseker daar is net een God – **en hulle sidder van angs** (Jakobus 2:19 AFR83), skryf Jakobus. Hoewel hulle die Bybel as die waarheid aanvaar, weier hulle volstrek om hierdie vasstaande kennis ook in hulle hart te aanvaar, want hulle buig eerder voor die gevalle skepsel Satan as om voor God te buig.

'n Mens wat net verstandelik instem met die Bybel en die Bybel as die waarheid aanvaar sonder dat sy hart daardeur geraak word, het nog nie die ware geloof nie. Hy het nog net 'n stuk ongeloof wat historiese geloof genoem word. Dit is 'n oppervlakkige geloof waarby die hart van die mens nie by die God van die Bybel betrokke is nie. Daarom bely ons dat ware geloof ook 'n vaste vertrou is.

Geliefdes, by Abraham sien ons so 'n ware geloof raak. Die Here het Homself aan Abraham bekend gemaak sodat Abraham Hom kon ken. Die Here het net vir Abraham gesê om te trek na die land wat Hy vir hom sal aanwys, en Abraham het geluister. Ware geloof maak dat 'n mens reageer wanneer die Here spreek; jy kan nie anders nie. Deur die werking van die Heilige Gees het Abraham geweet dat dit God is wat hom roep.

Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. (Hebreërs 11:8 AFR83)

Maar hy het getrek, want deur die woord van God wat hy gehoor het, het die Heilige Gees ook vertrou in sy hart opgewek.

'n Vaste vertrou op die Here van die Bybel word daarin duidelik dat 'n mens God onvoorwaardelik gehoorsaam, want jy ken Hom as die God van waarheid. Abraham het nie eers die moontlikhede oorweeg wat vir hom die beste sou wees nie. Toe God roep, het hy weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom. Maar omdat die Here die God van waarheid is, het Abraham die versekering gehad dat waarheen die Here hom ook al lei, dit die beste is. Daarom, en dit is nog 'n aspek van ware geloof, was Abraham bereid en gereed om dit wat vir hom bekend is, prys te gee ter wille van wat die Here wou hê hy moes doen.

Hierdie ware geloof wat die Heilige Gees in Abraham bewerk het, word veral duidelik geopenbaar as die Here hom beveel om Isak te gaan offer. Abraham het God geken as die God van waarheid. Oor 'n tydperk van vyf en twintig jaar het die Here telkens aan hom beloof dat hy 'n nageslag uit Sara sal hê. Maar Sara was onvrugbaar. Tog het Abraham die Here geglo, want ware geloof maak dat 'n mens meer en meer beseft dat jy afhanklik is van God se werk om sy beloftes waar te laat word. Ja, daar was 'n tyd toe Abraham deur kleingeloof oorval is. Tien jaar nadat hy die belofte van 'n nageslag ontvang het, het die kleingeloof so die oorhand by Abraham gekry dat hy ook gedink het sy nageslag

sou eerder uit Hagar as uit Sara gebore word.

Maar op die bestemde tyd het die Here vir Abraham die beloofde seun gegee. Toe Abraham honderd jaar oud was, is Isak uit Sara gebore. Abraham het nou nog meer as ooit die versekering gehad: Hierdie God wat hom geroep het en wie hy ken, is regtig die God van waarheid, want Hy bly getrou: God hou Hom aan sy woord. 'n Mens kan die Here ten volle vertrou. Die kennis oor God wat Abraham oor die baie jare van God self af gekry het deur sy woorde en werke het nou regtig diep in sy hart ingesink. Sy hart is aangeraak deur die vasstaande kennis.

Hoewel God belooft het dat Abraham se nageslag uit Isak gebore sou word, het die Here hom tog op die proef gestel. Die Here het Abraham beveel om sy seun Isak, sy enigste seun, die seun wat hy liefhet, te gaan offer. Omdat Abraham geglo het – omdat hy die Here geken het en sy vertrou ten volle in die Here gestel het – het hy sonder twyfel, sonder teëstribbeling Isak as offer afgestaan. Abraham het vas geglo dat die Here nog steeds sy nageslag uit Isak sou laat voortkom, al moes hy hom gaan offer. Daarom het hy geglo dat God weer vir Isak uit die dood sal opwek nadat hy hom geoffer het. Omdat Abraham vir God geken het, kon hy Hom ook vertrou. So 'n vasstaande kennis en vaste vertrou is 'n ware geloof.

Geliefdes, ons hoor die Here elke dag nog met ons praat vanuit die Bybel. Die Heilige Gees laat ons God leer ken as 'n betroubare God wat doen wat Hy belooft het. Hy tree net reg en regverdig op. Daarom, wanneer ons sy waarskuwings en beloftes hoor, kan ons Hom sonder weifeling gehoorsaam. God sal ons nooit mislei nie. Ons kan Hom onvoorwaardelik met vertrou gehoorsaam, want wat Hy wil hê ons moet doen en waarheen Hy ons wil lei, is vir ons net die beste.

Om die Here onvoorwaardelik te gehoorsaam is dieselfde as om die Here met die grootste vrymoedigheid te gehoorsaam. Iemand wat vrymoedig doen wat God beveel, is nie skrikkerig dat wat hy doen verkeerd sal wees nie. Hy twyfel ook nie of dit wat hy doen die regte ding is of nie. Hy doen dit bloot omdat God hom beveel het om dit te doen.

Broers, susters en kinders, so 'n vaste vertrou verg 'n totale oorgawe van ons kant, wat alleen kan gebeur as ons totaal verander is. Hierdie soort vertrou kom nie uit onself na vore nie. Ons is van nature skepties en twyfelagtig. Ons aanvaar en vertrou nie maklik iets of iemand nie, tensy ons gesien het dit kan werk. Daarom moet daar in ons denke 'n totale verandering plaasvind. So 'n verandering kan nie met menslike redenasies en oortuigings bewerk word nie, want ons redenasies en oortuigings werk net as ons kan sien.

En nou kan ons die Here dank dat die Heilige Gees ook ons skeptiese en twyfelagtige geaardheid oorwin. Die Heilige Gees werk hierdie vaste vertrou in ons hart. Deur middel van sy werk binne-in ons kan ons die Here onvoorwaardelik en met groot vrymoedigheid gehoorsaam en glo. Maar die werk van die Heilige Gees staan nie op losse skroewe nie. Ons gehoorsaam die Here nie blindelings soos 'n donkie nie. Die fondament van ons vaste vertrou staan vas. Die Heilige Gees bewerk die vaste vertrou in ons hart deur middel van die evangelie. Hy leer ons die God van die Bybel en sy werk ter wille van ons ken. Hy leer ons die liefdesdaad van die Vader in Jesus Christus ken. En dit staan alles geskryf in die Bybel. Die rede hoekom ons die Here vrymoedig in vaste vertrou kan gehoorsaam, kan nageslaan word in die Woord van God wat absolute waarheid is.

In hierdie woorde, geliefdes, hoor ons ook dat geloof waaragtig 'n gawe van God is. Deur die Heilige Gees gee die Here aan ons die vasstaande kennis en die vaste vertrou. Maar ons het steeds 'n verantwoordelikheid om te glo. Ons moet glo dat ons deel het aan die verlossing deur Jesus Christus.

Dit is op hierdie punt waar ons dan sien dat geloof 'n baie persoonlike saak is. Met die vasstaande

kennis werk die Heilige Gees deur die evangelie so 'n vaste vertrou in my hart dat ek reguit kan sê: **God het nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk**. My verantwoordelikheid in my redding deur Christus is hierin geleë: Ek moet met sekerheid weet en van harte vertrou dat ook ek uit loutere genade deel het aan die verlossing wat Christus gebring het.

Maar wat nou daarvan as iemand nog nie so 'n groot sekerheid het nie? Het hy dan nie die ware geloof nie? Geliefdes, hierdie sekerheid kom ook nie uit onself nie. God gee dit in **verskillende trappe en nie vir almal in gelyke mate nie**. En God gee dit deurdat Hy ons die vrugte van sy werk in ons **met blydschap en heilige vreugde laat waarneem**. Die vrugte van sy werk is onder andere **'n kinderlike eerbied en respek vir God, droefheid oor die sondes en 'n honger en dors om te doen wat reg is in God se oë** (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Paragraaf 12).

Broers, susters en kinders, God laat ons hierdie vrugte al duideliker sien wanneer ons die inhoud van ons geloof al beter leer ken en ons vertrou al vaster word dat wat in die evangelie beloof word ook vir ons elkeen afsonderlik bedoel is. Dit beteken dat ons die Bybel al meer moet bestudeer om daaraan te kan vashou en te verstaan wat ons in die Twaalf Artikels bely. Wat in die evangelie beloof word en wat saamgevat word in die Twaalf Artikels is die inhoud van die ware geloof.

'n Ware geloof is lewensbelangrik, want net daardeur het ons deel aan Christus en sy weldade, net daardeur word ons salig. Mag die Heilige Gees ons lei sodat ons nie net by kennis sal vassteek en die vertrou vergeet nie, want kennis sonder vertrou is 'n historiese geloof. Mag die Heilige Gees ons ook lei dat ons nie net 'n emosionele opwelling as geloof beskou nie, want dan vertrou ons sonder om te ken. En so 'n geloof hou net vir 'n tyd lank. Laat ons bid dat die Heilige Gees die ware geloof in ons sal laat groei deur ons te lei in die inhoud van ons geloof sodat elkeen opreg kan sê: Ook aan my het God die verlossing geskenk.

Amen!

Slotgebed

Psalm 84:3, 6 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkte in U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorsland smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 Oktober 2013